

Naam en van:

Gawie de Kock

Naam en graad van seun:

Gawie, Graad 10

Skakel vir video:

<https://youtu.be/ON1G7bZNd-I>



Vorige Beheerliggaam ondervinding (Instansie en jare diens)

Laerskool Emfulenipark en Hoerskool Transvalia - 1 - 2 jaar

Beroep, vaardighede en ondervinding wat vir die skool tot voordeel sal wees.

Ek is 'n sakeman (CA per kwalifikasie) wat tans aan die stuur van 'n organisasie se finansies staan. Ek het verskeie organisasies al gedien deur in leierskaprolle verantwoordelikhede op te neem. Ek is baie lief vir mense asook vir die lewe maar ek praat gemaklik die taal van syfers. Ek het verskeie kompleks aangeleenthede opgelos en was al baie betrokke in groot spanne waar samewerking die sukses van 'n doelwit bepaal. Ek is 'n opbouende spanlid maar ek vermy nie die najaag na die waarheid nie. Ek glo dat die waarheid vry maak.

My visie vir my termyn op die beheerliggaam.

Affies het 5 jaar om 'n groot impak in 'n baie waardevolle tyd van 'n jongman se lewe te maak. Ek heg groot waarde aan 'n gesonde kind en ouer verhouding en glo dat Affies 'n belangrike verlenging van die ouerhuis se taak tot grootmaak van ons seuns is. Ek sal graag wil bydrae tot die versterking van die samewerking tussen skool, ouer en kind ten einde die volhoubare welstand van Affies in die komplekse onderwys omgewing in die toekoms te verseker.